## DIE VESTIGING VAN DIE EERSTE VRYBURGERS AAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP — IV

*Die verhouding tussen die Vryburgers en die Owerheid*

In die vorige drie aflewerings is aandag gegee aan die faktore wat tot die vestiging van die eerste vryburgers op Suid-Afrikaanse bodem aanleiding gegee het asook die voorwaardes wat met hierdie stap gepaard gegaan het.

Teen hierdie agtergrond kan daar nou op die praktiese omstandighede, en meer bepaald die regte en voorregte wat die vryburgers onder Kompanjiesbewind geniet het, ingegaan word. Vir 'n juiste evaluasie hiervan is dit noodsaaklik dat 'n breedvoerige bespreking aan die hele terrein waarop kontak met die owerheid plaasgevind het, tewete die staatkundige, ekonomiese en maatskaplike terreine gewy word.

A. *Owerheidsgesag aan die Kaap, 1652—1662*

Die omstandighede waaronder die eerste vryburgers hulleself bevind het, was van so 'n aard dat daar vir hulle nooit enige behoefte of noodsaaklikheid bestaan het om met politieke eise voor die dag te kom nie. Hulle getalsterkte was onbeduidend en hulle afhanklikheid van die beskerming en bystand van die V.O.C., baie groot. Hierbenewens was hulle Nederlandse burgers wat liefde en trou jeens Nederland, hulle enigste Vaderland, gesweer het. Hulle hoofdoelstelling was om ekonomies op die been te kom en om materiële welvaart vir hulleself te verseker. Om genoemde redes moet hulle verhouding met die owerheid aan die Kaap hoofsaaklik vanuit 'n ekonomiese oogpunt gesien word.

Feite bring dan ook aan die lig dat die regte en voorregte waarop die eerste vryburgers aanspraak gemaak het, hoofsaaklik ekonomies georienteerd was.[1] Dit is egter baie duidelik dat hierdie aansprake se trefkrag in 'n groot mate geneutraliseer is as gevolg van die feit dat die plaaslike owerheidsgesag in die hande van 'n handelsmaatskappy was. Dit het meegebring dat die vryburgers se belange as ondergeskik aan owerheidsbelange beskou is en dat nadelige mededinging nie geduld is nie.

Omrede die eerste vryburgers se aandeel in die Kaapse bestuursinstellings slegs sover as beperkte regspleging gestrek het,[2] het hulle vir alle praktiese doeleindes geen bedingingsmag of invloed binne die bestuursmasjinerie self gehad nie. Soos later aangedui sal word, is

1. Van Jaarsveld, F. A., Scholtz, G. D. (et al.): *Dle Republiek van Suid-Afrika; Agtergrond, Ontstaan en Toekoms, p. 21.*
2. Gie, S. F. N.: *Geskiedenis van Suid-Afrika of ons Verlede* (Deel I,) pp. 78-79.

daar wel van ander metodes gebruik gemaak om eise teen die owerheid erken te kry.

Om die omstandighede waaronder die vryburgers hulself bevind het, te verstaan en in die regte perspektief te sien, is dit noodsaaklik dat 'n ontleding van die vroegste owerheidsinstellings wat beheer oor die Kaapse nedersetting uitgeoefen het, gemaak word. In hierdie verband kan tussen die liggame wat van buite af beheer uitgeoefen het en plaaslike owerheidsliggame onderskei word.

1. *Eksterne Beheer*

Die owerheid aan die Kaap was aan verskeie oorsese instansies ondergeskik. Eerstens was daar die sentrale wetgewende orgaan van die Nederlandse Republiek, die State-generaal.[3] In laasgenoemde se naam (volgens die Oktrooi van 1602) kon die V.O.C. gebiede beset n ook moes amptenare van hierdie maatskappy 'n eed van getrouheid aan hom aflê.[4] 'n Verdere bewys van die State-generaal se oppergesag is die feit dat die Oktrooi waarkragtens die V.O.C. sy bedrywighede kon voortsit iedere 21 jaar deur hom hernieuw moes word.[5]

Alhoewel die State-generaal klaarblyklik die *de jure*-oppergesag in die V.O.C. se oorsese gebiede was, het hierdie liggaam sover dit Kaapse aangeleenthede tydens Van Riebeeck se termyn betref, nooit direk op die voorgrond getree nie.[6] Wat die Kaapse inwoners betref, was die V.O.C. en meer spesifiek die Here XVII as sentrale bestuursliggaam van die maatskappy, die *de facto*-owerheid wie se plakkate en reëls gehoorsaam moes word. Dit was die beleidsdoelstellings wat deur laasgenoemde liggam neergelê is wat die Politieke Raad aan die Kaap ten uitvoer moes bring.

Luidens artikel 35 van die „Octrooi van de Oost Indiese Compagnie", kon die V.O.C. „tot conservatie van de Plaetsen (en) onderhoudinge van goede ordeninge"[7] sekere organisatoriese reëlings ten opsigte van gebiede onder sy beheer, in die lewe roep. Dit het ondermeer ingesluit „die reg . . . om . . . bestuurlike, geregtelike en militêre organisasievorme in die lewe te roep".[8] Met die stigting van die Kaapse verversingspos in 1652, is soortgelyke reëlings ook in hierdie gebied in die lewe geroep. Soos met ander V.O.C.-besittings die geval was, het die State-generaal by wyse van 'n spesiale oktrooi die bestuurs- en

3. *Godée Molsbergen: De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck*, 1618-1677, p. 135.
4. Van der Walt, Wiid en Geyer: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Deel, II, pp. 12—13.
5. Artikel 7 van die Oktrooi van die V.O.C.
6. Gie: *op. cit.*, p. 42.
7. Artikel 35 van die Oktrooi van die V.O.C.
8. Van der Walt, Wiid en Geyer: *op. cit.*, Deel II, p. 14.

besettingsregte ten opsigte van 'n bepaalde omskrewe gebied aan die suidpunt van Afrika aan die V.O.C. afgestaan.[9]

Namens die Here XVII kon verskeie instansies buite die Kaap seggenskap oor die bestuur in die gebied uitgeoefen het. Hierdie instansies het bestaan uit die Bewindhebbers van die verskillende Kamers van die V.O.C. (waarvan die Kamer van Amsterdam die vernaamste was), die Raad van Indië wat in Batavia gesetel het en die verskillende kommissarisse van die V.O.C. wat na 1657 die Kaap gereeld besoek het.[10]

2. *Plaaslike Bestuursliggame, 1652—1662*

Aan die Kaap self het daar ook voldoende reëlings vir die uitvoering van bestuursfunksies bestaan. Hierdie taak is aansienlik vereenvoudig deurdat daar geen aansprake van plaaslike oorsprong op seggenskap in die owerheid was nie. Hierbenewens moes slegs laerangse regeringsfunksies uitgeoefen word, terwyl hiervan die administratiewe of uitvoerende funksies die belangrikste was.

Die Kaap was in die beginjare dus niks meer as slegs 'n beamptepos nie.[11] Die klein aantal blankes was (voor die instelling van vryburgers) almal kontrakdienaars, onderhewig aan die voorwaardes wat hulle met die V.O.C. aangegaan het.[12] Die bestuursliggaam, tesame met onderhoriges soos klerke, ambagsmanne, seelui, soldate en ander dienaars, is as 'n eenheid vanaf die Nederlandse Republiek op Kaapse bodem oorgeplant. Die Kaapse nedersetting was dus van die begin af behoorlik georganiseer, en doeltreffende uitvoering kon aan normale owerheidsfunksies gegee word, altans vir soverre die vereistes aan die Kaap dit nodig gemaak het.

Soos Gie[13] dit stel, het die grondwetlike geskiedenis van Suid-Afrika inderwaarheid aan boord van die vlagskip, die Drommedaris begin. Laasgenoemde skip, tesame met die Reijger en die Goede Hoop, is gebruik om Van Riebeeck en sy manne na die Kaap te vervoer. Wanneer omstandighede dit nodig gemaak het, is senior offisiere na dié vlagskip ontbied waar hulle onder voorsitterskap van die hoogste amptenaar, Jan van Riebeeck, vergader het. Laasgenoemde Skeepsraad is onveranderd aan die Kaap geïmplementeer onder die benaming van die Politieke Raad.[14]

9. Leibrandt, H. C. V.: *Precis of the Archives of the Cape of the Good Hope, Letters Received, Vol. II*, p. 228.
10. Godée Molsbergen: *op. cit.*, p. 35 asook Van der Walt, Wiid en Geyer: *op. cit.* (Deel II), p. 27.
11. *Ibid.*, p. 27.
12. *Ibid.*
13. Gie: *op. cit.*, (Deel I), p. 31.
14. *Ibid.*, p. 51 en p. 78.

Dit moet as belangrik geag word dat die wyse waarop die Kaap bestuur is, nie op nuwe idees berus het nie. Met die stigting van die Kaapse verversingspos in 1652, het daar in die Nederlande sowel as in die verskillende ander Oos-Indiese kolonies 'n groot verskeidenheid organisasievorme op sentrale, plaaslike en kerklike gebied bestaan. Baie hiervan is ook aan die Kaap in gebruik geneem.[15]

Wanneer die inhoud, aard en karakter van die V.O.C.-bestuursinstellings ontleed word, skiet dit ver tekort van die ideale wat die moderne westers-demokratiese stelsel voorhou. Nogtans moet hierdie instellings volgens die tydvak en milieu waarin hulle gefunksioneer het, beoordeel word. Dit was dan ook so dat daar in die Nederlande van die 17e eeu nie veel aandag aan die teoretiese aspekte van regeringstelsels geskenk is nie. Hierdie toestand kan moontlik verklaar word aan die hand van die feit dat die staatkundige- en godsdiensstryd teen die Spanjaarde gewonne, en dus iets van die verlede was.[16] Verder het die Nederlandse Republiek op die kruin van 'n ekonomiese voorspoedgolf verkeer, en onder hierdie omstandighede was die hoofdoelstelling die handhawing en die uitbouing van die handel. Onder hierdie omstandighede is dit heel verstaanbaar dat die V.O.C.-amptenare nie hulle hoofde oor iets op die agtergrond soos die politiek wou breek nie.

In die gebiede wat onder V.O.C.-beheer was, het die bestuursinstellings hoofsaaklik gedien om die handel te bevorder of te vergemaklik. Die bestuur moes dus aan sekere praktiese vereistes voldoen en in hierdie proses is dit verstaanbaar en bloot natuurlik dat winsbejag, instede van konstitusionele oorwegings, die toon sou aangee.

In die lig van genoemde feite moet dit nogtans gekonstateer word dat die mate van sukses wat die V.O.C. wel met sy oorsese bevolkingskolonies gehad het, dié maatskappy alleen tot eer strek. 'n Groot bydraende faktor in hierdie opsig was veral dat die Kompanjiesinstellings gedurende hierdie periode nooit stagnant gebly het nie, maar dat geringe veranderings wel aangebring is namate plaaslike omstandighede dit vereis en regverdig het.

Soos alreeds vermeld, was die eerste plaaslike bestuursliggaam aan die Kaap die Politieke Raad. Laasgenoemde Raad was kollegiaal van aard en het bestaan uit die Kommandeur (voorsitter), die Sekunde die Sersant van die garnisoen, die Boekhouer en 'n sekretaris sonder stem.[17] Hierbenewens kon bevelvoerders van besoekende V.O.C.-skepe tydens hulle verblyf aan die Kaap ook daarop sitting neem. In sulke

15. Van der Walt, Wiid en Geyer: *op. cit.*, (Deel II), p. 24 en p. 26.
16. Boeseken: *Nederlandsche Commissarissen aan De Kaap*, 1655—1700, p. 120.
17. Gie: *op. cit.*, p. 78.

gevalle was dit nie noodwendig die Kommandeur nie, maar die persone met die hoogste senioriteit wat die voorsittersamp beklee het. Wanneer dié vergrote Politieke Raad vergader het, is daarna as die Breë Raad verwys.[18]

Te oordeel aan sy samestelling en funksies, was die Politieke Raad maar 'n baie rudimentêre tipe bestuursorgaan. In die eerste plek het dit uit betaalde kompanjiesamptenare bestaan, en hierbenewens was daar geen voorsiening vir die skeiding van die drie basiese owerheidsfunksies gemaak nie. Wetgewende, uitvoerende en regsprekende funksies is naamlik almal deur dié één liggaam behartig.[19] Nieteenstaande hierdie gebreke, het die Politieke Raad nogtans aan die eise van die omstandighede en tyd waarbinne dit fungeer het, voldoen. Ook kon dit as 'n belangrike basis dien vir die toekomstige uitbreidings namate die owerheidstaak, as gevolg van veranderde omstandighede, meer omvattend en veeleisend geword het.

Die eerste aanpassing is gemaak kort nadat die eerste vryburgers in 1657 gevestig geraak het. Hierdie mense het 'n nuwe element in die Kaapse samelewing meegebring en hiervoor is dan ook in die bestuur voorsiening gemaak. Hierdie veranderinge wat in April 1657 deur Kommissaris Rijckloff van Goens teweeggebring is, het behels dat 'n enkele burgerraad op die Politieke Raad sitting kon neem wanneer dit as hof gefunksioneer het en wanneer vryburgers by die saak betrokke was. In 1658 is die getal burgerrade wat in genoemde hoedanigheid op die Politieke Raad kon dien, na twee vermeerder.[20]

Hierdie konstitusionele ontwikkeling, hoe onbelangrik en nie-ingrypend dit ookal met die eerste oogopslag mag blyk, is in die lig van latere geskiedkundige ontwikkelinge nogtans belangrik en veelseggend. Wat die onmiddellike effek betref, impliseer dit dat die vryburgers feitlik sonder versuim as 'n afsonderlike groep met eiesoortige belange erkenning gekry het en om hierdie rede op sekere regte en vryhede aanspraak kon maak. Uit 'n prinsipiële oogpunt gesien is die verandering ook belangrik aangesien die aanvoorwerk nou gedoen is vir die afskeiding van die wetgewende en uitvoerende owerheidsfunksies van die regterlike. Die Politieke Raad sou dus voortaan nie meer identies saamgestel wees by die uitoefening van hierdie onderskeie funksies nie.

Die toelating van burgerrade bewys dat nieteenstaande die praktiese benadering van die V.O.C., dit tog nie ongevoelig was vir sekere basiese norme wat in die algemeen deur die Nederlandse volk as deel

18. *Ibid.*
19. *Ibid.*, pp. 78—79.
20. *Ibid.*, p. 79.

van hul lewenswyse aanvaar is nie. Gie verklaar dan ook dat „die instelling van burgerrade . . . 'n natuurlike uitvloeisel van die demokratiese gees van die Nederlanders (was). Dat vry manne onverteenwoordig in 'n hof kon wees, was strydig met hul konstitusionele begrippe".[21]

Alhoewel die burgerrade, vanuit 'n fomele oogpunt gesien, alleen regterlike bevoegdhede besit het, was die werklike rol wat hulle gespeel het veel meer omvattend en betekenisvol. Uit hoofde van die verantwoordelike posisie wat aan hulle toegesê is, moet aangeneem word dat die Politieke Raad hulle in 'n sekere sin as die verteenwoordigers van die vryburgers as 'n groep beskou het. Op hierdie wyse is direkte kontak tussen die vryburgers en die owerheid bewerkstellig, en kon die burgerrade ook as mondstuk van die vryburgers optree. Hierdie bykomstige betekenis is gaandeweg aan die owerheid erken deurdat ook nie-geregtelike funksies aan die burgerrade opgedra is. Byvoorbeeld toe daar slegs nog net een burgerraad was, het die Politieke Raad aan hom opdrag gegee om toe te sien dat die visseën herstel word en later, in 1659 moes die burgerrade, wat intussen na twee vermeerder is, ten minste een maal per maand met die Fiskaal rondgaan om na te gaan of produkte teen vasgestelde pryse verkoop word.[22]

Uit 'n historiese oogpunt gesien, is hierdie administratiewe funksies eintlik van groter betekenis as die geregtelike funksies wat aan sekere vryburgers toegesê is. Die regterlike funksie was eng en omskrewe, met min ontwikkelingsmoontlikhede. Die administratiewe funksie, daarenteen, was meer dinamies van aard en het die embrio bevat van belangrike staatkundige ontwikkelinge wat in die toekoms gelê het. Benewens hul regterlike en administratiewe funksies het daar selfs 'n geïsoleerde geval voorgekom waar die burgerrade in 'n wetgewende hoedanigheid op die Politieke Raad gedien het. Dit was naamlik toe die moeilikhede met die Hottentotte 'n hoogtepunt bereik het en die Politieke Raad aandag aan 'n vryburgerpetisie, waarin optrede teen die Hottentotte aanbeveel is, geskenk het. Hiermee is blykbaar geen presedent geskep nie en soortgelyke optrede het nie weer daarna in Van Riebeeck se tyd voorgekom nie.[23]

Hierdie eerste stap, hoe klein en betekenisloos dit ook al mag lyk, was die begin van gestadigde toelating van die volk tot medeseggenskap in sy regering. Hierbenewens getuig dit ook van „die sterk self-

21. *Ibid.*
22. Van der Walt, Wiid en Geyer: *op. cit.*, Deel II, p. 28.
23. *Resolusies van die Politieke Raad, Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap.* No 1957, p. 191.

standigheidsin van ons Nederlandse voorouers, dat die eerste koloniste onmiddellik 'n aandeel in die bestuur van die kolonie gekry het".[24]

G. C. Olivier.

24. Gie: *op. cit.*, p. 79.